Tema: Jesus in jou en jy in Jesus

Skriflesing: Kol. 1:24-29

Sake vir verdere oordenking na erediens

1. **Was die ontmoeting tussen God en jou vanoggend vir jou sinvol?**

2. **Is daar iets waartoe jy jou opnuut of vir die eerste keer wil verbind tov:**
   - **Jou persoonlike lewe?**
   - **Jou familie of vriende?**
   - **Dienswerk in Swartland Noord of in die breë Koninkryk?**

3. **Gaan deel dit met ‘n persoon of persone**

Paidion Bediening voorskool tot Gr 6

Prys van boekies vir 2013: Graad 1-3 (R30) en Graad 4-6 (R40).

Ons is dringend opsoek na kleingroepleiers.

Kom registreer asb.u kinders na afloop van die erediens in die Saal en betaal die boekies as u kan, anders kan u vanaf volgende Sondag, u kind se boekiegeld saamstuur in ‘n koevert met die naam en graad daarop.

<u>Kennisgewing:</u>

Almal word hartlik uitgenooi om na afloop van die erediens ‘n lekker koppie tee in die Kelder te kom geniet.

NED GEREF GEMEENTE SWARTLAND-NOORD

AFKONDIGINGS

WELKOM BY VANOGGEND SE EREDIENS!

20 JANUARIE 2013

Tel nr: 022 482 1407 **e-pos: admin@ngksn.co.za**
webtuiste : www.ngswartlandnoord.co.za

Ons harte is dikwels vol vrae en vrees, want ons leef in ‘n wêreld vol vertwyfeling. Wees naby ons, Heer, dat ons waarlik kan glo en u vastigheid in ons lewe kan bring.

<u>Program van die week</u>

<u>Vandag</u>
09:30 Familiediens: Ds Jan Steyn
Deuroffer: Barmhartigheid Plaaslik
Opening & Registrasie
Kinderkerk & Kategese

<u>Maandag, 21 Januarie 2013</u>
Gesamentlike
Jeugkommissievergadering 19 :00

<u>Dinsdag, 22 Januarie 2013</u>
Mansbybelstudie 06 :30

<u>Woensdag, 23 Januarie 2013</u>
Biduur ACVV Dienssentrum 09 :30
Sendingondersteuners 16 :00
Leierskaps Toerusting 18 :30-20 :30

<u>Donderdag, 24 Januarie 2013</u>
JB Groep 19 :00 Moedergemeente Kerksentrum

<u>Vrydag, 25 Januarie 2013</u>
Gebedsvriendinne 09 :00

<u>Volgende Sondag , 27 Januarie 2013</u>
09:30 Erediens: Ds Jan Steyn
Deuroffer: VCSV Plaaslik
Kinderkerk & Kategese
18:30 Space (Tieners)

<u>Nuwe Intrekkers</u>

Carel, Zelda, Bianca, Carla en CJ Symington, Hermanusvlei.

Baie welkom!

Mag jul verblyf in Swartland-Noord baie geseënd wees!!

Raak betrokke by omgeegroepe en ander aksies!

Voorspoed vir elke lidmaat vir 2013!

Lewe elke dag VOLUIT!

Maak hierdie jaar mense

Senior kategese Graad 7 tot 11 kom direk na erediens saam met kategete in kerk bymekaar.

Het jy geweet ...

Dankoffer inbetalings

Vind u dit makliker om elektroniese oorbetalings te maak of per debietorder u maandelikse bydrae te gee.
Hier volg ons bankbesonderhede:
NG Kerk Swartland-Noord
Nedbank Malmesbury
Lopende rekening: 128 504 3421
Takkode: 154605

Abbo

Het jy 'n hart vir ander mense met probleme?
Die kursus is vir jou!

Sien inligtingspamflet in voorportaal op die tafel.

Sluitingsdatum: 25 Januarie 2013

Kontakpersoon: Theresa van Vreden 083 310 3823

Kerkklok
Maandagoggende 07:00

Kom ons verenig in gebed vir ons Gemeente en ons land.

Terugvoer vanuit die Oop gesprek van 1 November 2012

Hiermee wil ons graag elkeen bedank wat op 1 November 2012 namens die gemeente aan die "Oop gesprek" deelgeneem het. U het die kerkraad en gemeente baie gehelp om oor die huidige stand van gemeente-wees te dink en verder te beplan en te doen.
Nadat die inligting verwerk is, is die uitkoms tweeledig.
Aan die een kant: Die gemeente verstaan en beleef die erediens as 'n besonder sinvolle gebeure. Onderlinge en informele verhoudings is ook van so aard dat dit vir die gemeente "lekker" is om deel van Swartland Noord te wees.
Aan die ander kant: Sommige van die bedieninge/aksies in die gemeente wat meer met die formele betrokkenheid van lidmate te make het, funksioneer heelwat onder kapasiteit.
Die kerkraad kry bogenoemde bevinding in heelwat meer detail en gaan vroeg in 2013 hieraan aandag gee. In die aanpak van die taak is drie konsepte uiters belangrik:

1) Inklusiwiteit**: Almal** in die gemeente word ingenooi om te kom help!
2) Proses: Daar gaan saamgewerk word om **dinamies** by uitkomste te kom.
3) Bagasie: Ons gaan die geskiedenis respekteer en daaruit leer, maar kies nou om te **groei** na waar ons wil wees.

GROEI is die woord wat uitstaan. Die beplanning vorentoe is gemik op groei. Kwalitatiewe en kwantitatiewe groei.

Gielie du Toit namens die Kerkraad

Ons wil graag lidmate aanmoedig om die kerkkantoor te verwittig van enige lief en leed in die gemeente, sodat ons dit op die afkondigings kan plaas.

Leierskapstoerusting 23 en 30 Januarie 2013 vanaf 18:30 tot 20:30. Twee sessies herhaal. Eerste deel van opleiding is oop sessie vir kerkraadslede, dienswerkers en kleingroepleiers. Laaste halfuur is vir praktiese reelings rondom kerkraad spesifiek. U kan enige een van twee sessies bywoon.

Kom ons doen voorbidding vir...

Fanie en Cilla Heymans en familie, Voortrekkerweg 167, met die heengaan van hul skoonseun Hugo Gouws.
Johan Louw, Spekulasie, wat tans in Panorama Hospitaal is, met sy gesondheid.
Anette, dogter van Oom Piet de Bod, Fordstraat 72, en suster van Frikkie de Bod, Fordstraat 64, wat baie siek is.
Kobus Groenewald, Pinotagestraat 8, met sy gesondheid.
Linda Bain, Guernseystraat 18, wat tans toetse ondergaan.

Gemeente veldtog 2013

Hiermee herinner ons u elkeen aan die Gemeenteveldtog 2013. Vanjaar is ons gemeente se groter jaartema "God se familiemense". Die veldtog se tema sluit hierby aan.
Veldtog tema: "Ons is geskep vir verhoudings"
Soos verlede jaar, strek die tema oor 6 weke en begin vanjaar op **Sondag 3 Februarie en eindig op Sondag 17 Maart** met 'n "Commitment erediens"
Aanbiedings: Die 2 leraars gaan die Erediens temas oor die 6 Sondae aanbied en die **groepleiers** sowel as die **groeplede** gaan 'n uitdeelstuk na die erediens ontvang aan die hand waarvan die **kleingroep** op 'n ooreengekome dag na die erediens die tema saam gaan vier.
Wie neem deel?
Alle lidmate of vriende van lidmate wat in 'n kleingroep vir 6 weke bymekaar wil kom.
Leiding in die kleingroep:
Leiers van bestaande kleingroepe (Bybelstudiegroepe, omgeegroepe, wyksbyeenkomsgroepe) neem leiding om die groepe bymekaar te kry. Indien enige persoon wat leiding gee onseker is oor hoe so kleingroep werk, sal daar op Sondagaand 27 Januarie om 18h30 'n inligtingsgeleentheid wees.
Nuwe groeplede: Meld by die kerkkantoor aan of kontak bloot die kerkkantoor aangesien daar persone is wat bereid is om u met leiding te help.
Nuwe groepe: Nuwe groepe met of sonder leiers kan by die kerkkantoor aanmeld en ook op Sondagaand 27 Januarie die inligtingsgeleentheid kom bywoon.
Die groepleiers gaan ook 'n DVD ontvang wat by die kleingroepbyeenkomste gebruik gaan word. Ons sou graag al die groepleiers op **Sondagaand 27 Januarie om 18:30 by die kerk se Kelder** bymekaar wou sien om oor die Veldtog te gesels.
Ons gebede is dat u elkeen in hierdie 6 weke nuut sal ontdek wat dit beteken om as God se familie binne die vreugde van liefde- en omgee verhoudings te leef.
Groetnis, Di George en Jan (Namens Gemeentebediening)

Bring en Braai Senior lidmate 60 jaar en ouer: Vrydag, 25 Januarie te De Kockstraat 11 om 19:00

Hiermee 'n hartlike uitnodiging na ons eerste byeenkoms hierdie jaar wat gehou sal word by Nico en Madeleine Bonthuys. Elkeen bring sy eie vleis, drinkgoed, breekgoed en eetgerei. Sodra ons weet wie teenwoordig gaan wees, sal reëlings vir die bykosse getref word. Kontak asb. vir Johanna by 022 482-3651 of 082 979 2814 om u teenwoordigheid te bevestig.
Kom ons maak dit 'n lekker saamkuier geleentheid!

KENNISGEWING:

Kennisgewings vir afkondigings sluit op Donderdagoggend om 10:00

Belangrike Kontak Nommers
Ds George Prinsloo
Huis 482-3664
Kantoor 482-4600
(08:30 tot 12:30)
Sel / 083 447 6166
Ds Jan Steyn Huis 487-2763
Sel / 082 872 4314
Pastorale Berader:
Theresa van Vreden
083 310 3823